# QPro Opstoom
V21642 (Wet 36 van 1947)

## Produkbeskrywing

QPro Opstoom is 'n geformuleerde meel vir die opstoom van suiwelkoeie net voor kalwing (pre-partum). Hierdie meel is geformuleer met anioonsoute om die katioon:anioon-balans meer te versuur. Die doel hiervan is om die koei se liggaam te kondisioneer om minerale te mobiliseer uit haar skelet en help sodoende om te verhoed dat koeie hipokalsemie (melkkoors) kry tydens kalwing.

## Voeraanbeveling

Dit is belangrik dat koeie 'n gebalanseerde dieet ontvang tydens hierdie fase om haar voor te berei vir die kalwingsproses en ook vir haar melkproduksiefase. Voer dus QPro Opstoom saam met mielies en hoëkwaliteit- droë ruvoer. Innames wissel tussen ras- en raamgrootte. Voer 'n daaglikse hoeveelheid van 3-4 kg (Jersey-tipe) of 4-5 kg (Holstein-tipe) per dag. Voer vanaf 4 weke voor kalwing tot en met kalwing. Moenie vir langer as 4 weke voer nie omrede die versuringseffek verloor word.

## Spesifikasies

| Nutriënt | Eenheid | Insluiting |
|---|---|---|
| Proteïen (min) | g/kg | 140 |
| NPN-% (maks) | % | 30,75% |
| Ureum (maks) | g/kg | 15 |
| Vog (maks) | g/kg | 120 |
| Vet (min/maks) | g/kg | 25/85 |
| Ruvesel (maks) | g/kg | 120 |
| Ca (min/maks) | g/kg | 2,5/8 |
| P (min) | g/kg | 6 |

*Alhoewel nie in die tabel aangedui nie, bevat hierdie produk 'n volledige reeks makro- en spoorminerale in die mineraalpak, geformuleer volgens voedingsbehoefte van die dier.*




### Verpakking

Beskikbaar in 50 kg-sakke.

### Waarskuwing

Hierdie produk bevat NPN-bronne en/of geregistreerde medikamente. Voer dus streng volgens voorskrifte.

# DIERE